

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 11**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## *Spreek GOD ook deur Rampe?*

Flitsberigte oor die radio, groot opskrifte in die koerante... tydings van skokkende gebeurtenisse. Die een volg die ander op:

"Meer as 400 mense sterf in mynramp!" "n Hele stad in Noord-Afrika word deur 'n aardbewing in puin gelê!"

"Duisende word deur 'n sneeustorting in Suid-Amerika begrawe!"

"Oorstromings laat nogmaals honderd-duisende dakloos in die Verre Ooste!"

"n Paar myl van die plek waar 'n mag der menigte Amerikaners in 'n uitbundige feesstemming hulle ruimteheld vereer, stort 'n vliegtuig neer!"

Jy hoor dit. Dit skok jou. 'n Huiwering gaan deur jou siel. Daardie hele dag kom dit jou telkens weer voor die gees...En môre... alles gaan weer die gewone gang. Die verkeer stroom deur die strate, die mens haas na die werk, dit lag en gesels en twis en speel en werk en kuier...

Dis vergeet. Dink 'n bietjie na...Het al dié ontsettende gebeurtenisse nie 'n doel nie? Sit daar nie iets agter nie? Het dit nie 'n dieper betekenis nie? Die man op straat trek sy skouers op. Hy het geen antwoord nie, maar wat sê God daarvan? Slaan die Bybel oop... ja... daar kry u 'n antwoord!

Lees maar Amos hoofstuk 4. Daar vind ons ook 'n hele reeks rampe wat God se volk getref het. Daar sê die profeet dat *God* dit gestuur het... sodat hulle hul moet bekeer! As Hy alles wat hulle getref het, opgenoem het, sluit Hy af: "Ek het julle omgekeer soos God Sodom en Gomorra omgekeer het... nogtans het julle jul nie *bekeer* nie! (Amos 4:11).

Die rampe wat vandag nog mekaar so reëlmatig opvolg, is God se stem deur die eeue wat die mens roep... die mens wat met sy neus in die grond loop... roep en skud dat hy 'n slag opkyk... op... deur die wolke tot anderkant die sterre waar die wit troon van die Almagtige gevestig is. Ja, God sit daaragter. Nie 'n wrede God nie. Nie 'n almagtige tiran nie, maar die God van liefde.

Die God van liefde wat sy son oor jou laat skyn, sy reën op jou laat daal, die bloed deur jou are laat bruis, jou tafel kroon met sy gawes... die God van liefde wat die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun geskenk het as 'n offer vir sondaars. Dit is God wat daaragter sit. Die God "by wie jy verby stap sonder om Hom te groet!" Die God wat jy vergeet, ignoreer, maak of Hy nie bestaan en niks aan jou doen nie!

Dit is sy liefde wat in hierdie rampe praat... sy gekrenkte miskende en tog taai volhardende liefde wat jou roep as al dié onheilstydings oor die aarde uitgaan.

Die sondaar, die verlore seun en dogter, die Godverlater en Godvergeter, die balling uit die paradys wat woon en swerf op die vervloekte aarde... hy wat die Bybel nie lees, nie kerk toe gaan nie, nie op sy knieë gaan of sy hoof buig om te bid of te dank nie... dis hy... dis vir hom wat God roep en skud deur rampe en oordele dat hy weer opkyk en dink: daar is 'n God in die hemel!

Ook die Fariseër met sy lang gesig, vroom praatjies en skyngedebede kan sy ore maar spits! Dit is die stem van die lewende God! Dit is nie vir ons om die mense wat in die rampe omkom, te veroordeel nie. Daarvoor was Christus baie duidelik. Hy het eenmaal vir die Jode gesê: "... daardie agttien op wie die toring van Siloam geval en hulle gedood het — dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle

julle nie *bekeer* nie sal julle almal net so omkom (Luk. 13 : 4 en 5).

Die rampe is die rooi lig wat Hy *vir ons almal laat brand!*

Dit is sy waarskuwingstekens! Dit is sy roep tot bekering, berou, omkering, terugkering! Dat jy moet breek met die sonde, afstand doen van die eie ek, eie wil, die boesemsonde! Dat jy alles van Hom moet verwag: sy genade en vergewing en dat sy Gees jou wederbaar en vernuut — dat jy Hom moet ken en liefhê, aan sy kant staan, haat wat Hy haat en liefhê wat Hy liefhet.

Dit is bekering. Dit is waartoe God ons roep. Dit is die betekenis, die dieper grond en doel van al die skokkende gebeure en tragiese rampe.

God is besig met hierdie wêreld. Hy laat dit nie vaar nie. Hy gee dit nie prys nie. Daaglik bemoei Hy Hom met ons deur Woord en daad. Sy stem is nooit stil nie. Gelukkig is hy wat hoor en verstaan; wat sien en weet: Dit is die Here! Dit is die Here wat my dring om sy liefde met wederliefde, geloof en bekering te beantwoord.

Ja, God spreek ook deur rampe! *Luister*, en jou siel sal lewe!

P. J. W. Louw.

## *Waar is jou hart?*

**'n Mens se hart kan in jou skoene sit. As jou bene dan nog goed is, kan jy met skoene en hart en al maak dat jy wegkom.**

**Ook kan 'n mens se hart soos 'n aartappel in jou keel vassteek. Dan gaan dit swaar om te praat. Dis dan dat jy wens die aarde moet onder jou padgee.**

**Die hart kan ook op die regte plek sit. Maar dit sê hulle net van goeie mense.**

**Daar is selfs sprake van 'n dubbele hart (I Kor. 12:33).**

**So 'n ou hart weet glad nie waar hy is nie.**

### **HET U GEWEET . . . ?**

Quo vadis beteken: waar gaan u heen?

Quo vadis stel hierdie vraag ook aan u.

Waar gaan u heen? Vandag, môre, Sondag, op u sterfdag en in alle ewigheid?

Quo vadis? Waar gaan u heen?

Kan u hierop 'n antwoord gee?

Jesus Christus het die antwoord aan ons geleer:

Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie

— (Joh. 14 : 6).

My vriend, waar is *jou* hart? 'n Snaakse vraag, maar nie so moeilik om te antwoord nie. Ons hoef ook nie self te antwoord nie. Toe die Here Jesus op die berg vir die mense gepreek het, het Hy antwoord gegee op baie vrae wat die mense pla, en ook op hierdie vraag. (Matt. 6:21).

Baie mense *dink* hulle is goeie mense, maar hulle is nie. Jesus het dit vir hulle sommer reguit gesê. Hoor hoe kasty Hy die Fariseërs, maar die wêreld se mense moet ook deurloop. Hy spot met die wat net heeldag aardse skatte wil bymekaarmaak. Hoe moet jy nie veg om die motte van jou mooi klere weg te hou, keer dat die roes nie al die blink goed besoedel nie, daarvoor waak dat 'n ander nie bly sit met wat *jy* met soveel sorg versamel het nie.

Daar is ook ander goed waar 'n mens jou hart op sit. Jou lewe gaan op in jou ideale, jy lewe vir die kuns, vir sport, vir jou werk, waarin jy hart en siel en al jou kragte ingooi. Jy het 'n stokperdjie, waarin jy al hoe meer opgaan en dit word naderhand vir jou dié groot

ding.

Dit alles mag goed wees, maar is dit nou al waar 'n mens hom oor moet bekommer? As jy dit verloor, het jy mos *alles* verloor. Waarin sal jy dan nog belang stel? Jou hart het daarin opgegaan en nou is alles weg. Waar is jou hart nou? Immers, "waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

'n Mens moet sorg dat jou hart vas is aan 'n skat wat nie verloor nie. Jesus sê: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Gee my jou hart, sê die Here. (Spr. 22:26). Dan is daar nie bekommernis nie. Daardie ander dinge waarvoor jy jou bekommer, is van minder belang, is dikwels skadelik en gevaarlik. Jesus sê: "Wat jy ook van die stoflike, verganklike dinge nodig het, dit sal vir jou bygevoeg word. Dit sal vir jou nie ontbreek nie." (Ps. 23).

Die groot saak is dat mens jou hart rig op die vernaamste, die beste, die mooiste in die eerste plek. Die Skrif gebruik dikwels die woord "hart" in die sin van lewenskrag, lewenselement, lewensmotivering. As dit nou daar nie reg is nie, loop dit mos verkeerd. Die dryfkrag van die masjien, die enjin, moet reg wees, en moet reg gehou word. Dan kan 'n mens iets verwag. Sorg dat jou hart reg is en hou hom reg. Bewaar jou hart meer as alles (Spr. 4:23).

As jou hart op God gerig is, as jy Hom bo alles liefhet, en jou naaste as jouself, het jou lewe doel en betekenis. Dan word jou hart sommer vrolik. Ja, die Bybel praat van die vrolike hart (Spr. 15 : 13) en meer plekke. Waar anders net donkerheid en somberheid is, straal die blye hart wat die Here ken.

My vriend, gaan maar jou lewe na. Waarop moet alles uitloop? Dink tog verder en sien verder as net hier vlak voor jou. Dra die ewigheid in jou hart. (Pred. 3:11).

**J.v.R.**

# Die Kerk is 'n Moeder

Met die kerk wil ek niks te doen hê nie.

Jy sê dat jy nie eers meer kan onthou wanneer jy laas in die kerk was nie, maar jy lees darem nog jou Bybel, en jy **bid ook nog** so af en toe — ja, jy dien God nog wel, maar op jou eie manier.

Met die kerk wil jy niks te doen hê nie; want die kerk het jou skandelik verwaarloos. Jy moes *jou* plig doen, maar die kerk het *haar* plig nie gedoen nie. Ouderling en predikant het jy byna nooit meer gesien nie. Die kerk stel wel in jou geld belang, maar nie in jou geestelike welsyn nie. Wat het jy dan verder met die kerk te doen? Jy kan God net so goed dien sonder die kerk!

Só redeneer jy. Ek kan jou redenasie so goed begryp, want ek weet dat die kerk ook dikwels in haar herderlike bediening die teuels laat slap hang... met die onvermydelike gevolg dat van haar lidmate verwaarloos en vervreem.

Ek wil tog vandag met jou van hart tot hart gesels... veral oor jou verhouding tot die kerk, want jou verhouding tot die kerk is ook diep gemeid met jou verhouding tot die Here.

## Die kerk — 'n moeder.

God het die kerk aan die gelowiges gegee as hulle *moeder*, maar ek en jy kan nie met die kerk maak wat ons wil nie; selfs nie as sy haar roeping soms teenoor ons versaak nie, want die kerk is nie 'n willekeurige vergadering van mense nie, maar *God* het haar geplant. Ek lees byvoorbeeld in Galasiërs 4 vers 26 dat Jerusalem daar bo die moeder van ons almal is. Jerusalem daar bo is die verheerlikte en verlose en volmaakte kerk, waarvan die kerk op aarde die swakke voorloper en die floue beeld is. Ook lei ek af uit Openbaring 12 dat daardie vrou wat die manlike kind gebaar het, die kerk as 'n moeder is.

God het vir ons die kerk as 'n moeder gegee, want Hy, die Alwyse, weet dat ons as geestelike weeskinders die end van die pad nie sal bereik nie. Soos 'n moeder haar kinders voed en versorg met die middele wat die vader gee, só doen ook die kerk vir die geestelike lewe. As moeder versorg sy haar kinders met die middele wat die Vader gee: Woord en Sakramente.

Moet nou nie sê dat jy God net so goed kan dien sonder die kerk nie. Dink jy dat God die kerk as moeder gestel het sonder enige doel?

Jy moet *baie* versigtig wees oor hoe jy staan en optree teenoor jou geestelike moeder. In die vyfde gebod staan dat jy jou vader *en jou moeder* moet eer — en sou jy nie dink dat hierdie gebod dubbeld so swaar geld in jou verhouding tot jou geestelike moeder nie?

## Het jy wel jou plig gedoen?

Dinge het tussen jou en jou moeder skeef geloop; jy sê sy het jou verwaarloos. Sê my: was haar deure nie altyd vir jou oop nie? Staan dit nie nou nog vir jou oop nie? Was sy nie nog altyd bereid om jou te voed met Woord en Sakramente nie? Het jy ooit openhartig met jou moeder oor hierdie verwaarlosing gepraat? Ek glo nie.

Ek dink eerder dat jy in die begin maar te bly was daarvoor, want toe was jy mos vry, jy kon leef soos jy wou, sonder om gedurig te hoor: "doen dit" en "moenie dat" nie! Vir die geestelike ellende waarin jy nou verkeer, wil jy alle blaam op die kerk plaas. Het jy ooit jou hand in eie boesem gesteek?

### **'n Wegloop-kind.**

Jy dink jy sal goed leef sonder die kerk; jy sal vir jouself sorg; van jou moeder, die kerk, het jy niks nodig nie. Laat ek vir jou sê: as jy só aangaan, dan is jy in jou geestelike lewe soos 'n wegloopkind wat op die strate van die agterbuurtes rondslenter en uit die vullisblikke van die duiwel lewe — en dit terwyl jy weet dat jou moeder haar deure vir jou oophou en haar voedsel vir jou aanbied!

Wat moet van jou word as jy so aangaan? Hoe sal jy voor jou hemelse Vader kan rekenskap gee van die maerte in jou siel en van die verwaarlosing van jou geestelike lewe net omdat jy te trots en te hoogmoedig is om na jou moeder terug te keer?

Sal jou Vader jou in guns ontvang as jy jou moeder só verag en verstoot? As jy teenoor haar kwaad met kwaad vergeld?

### **Keer terug!**

Jou moeder wag vir jou met brandende hart en uitgestrekte arms! Gaan *terug* na haar — en sy *sal* vir jou sorg. Sonder haar kan jy nie leef nie; sonder haar sal jy totaal ontspoor; sal jy 'n geestelike boemelaar wees en niks meer nie.

By haar, in haar volle gemeenskap, sal jy weer vrede en vreugde en volheid ontvang, want as moeder is sy 'n gawe van die goeie God — ook vir jou!

**J. Visser.**

# ***IS JESUS CHRISTUS DIE VERLOSSER?***

## **Verlosser.**

Wat is 'n verlosser? As mens die woord hoor, sien jy boeie, kettings waarmee gebind word. Die verlosser verbreek die kettings. Die geboeide kom dan los en is vry. Waarvan? In ons geval: van ellende en sonde. Hierdie twee begrippe wek huiwering by 'n mens.

## **Breuk met God**

Waarom is sonde so vreeslik? Sonde is opstand teen die heilige God! Dit is 'n roekelose spel om teen God in te gaan. Hierdie majesteitskennis is dodelik vir die skender.

## **Die verdrewe**

Wie met God breek, gaan in ballingskap in 'n huilende wildernis. Dit het met die mens by die skemering van ons geskiedenis gebeur. Ons kan dit in die Bybel lees (Genesis 3). Die mens het God se majesteit aangetas deur na die leuenagtige lokstem van die duiwel te luister. Hy is toe getref deur 'n verskriklike ramp — is weggejaag en het met rede in die buitenste duisternis gekom.

## **Haat in plaas van liefde**

Wie die band met God breek, verloor sy medemens op die pad deur die lewe. Hy sien sy medemens nie meer as 'n hulp, 'n vriend, 'n voorwerp van liefde nie. As die vertikale lyn na God opgelos word, sterf die liefdevolle verhouding tot die naaste. Dan neem haat die plek van liefde in, wantroue en agterdog die plek van vertroue. Om spontaan onbevooroordeeld te wees, word vervang met vooroordeel. Die mens word dan hoogmoedig, wreed, bloeddorstig. Hy word ook bang... raak verskrik... sy lewe vol vrees vir homself en sy naaste en bowenal vir God, by wie hy swaar skuld het.

## **Bitter gevolg**

Haat blyk dan die bron te wees van 'n stroom van ongeregtigheid en lyding wat verwoestend oor die wêreld voortgolf. Dit is skokkend wat dan alles kan gebeur. Moord, doodslag in growwe en verfynde vorms. Bloedige oorloë jaag soos storms oor die mensheid. Groot vlugteling- en konsentrasiekampe waar gevangenes 'n wrede, stadige dood sterf. Almal mis die heerlijkheid van God ( Rom.3:23).

Wees nou eerlik; is u binneste nie 'n slagveld van verkeerde hartstogte, begeertes, wense, van owerspel, roof en moord nie? Wie is rein? Daar is 'n jong oorlog aan die gang met die goeie.

## **Swart skaduwee van die dood**

By alles wag die liggaamlike dood vir elkeen aan die einde van sy lewe. Die sonde het die dood met sy voorbodes gebring: siekte, lyding, aftakeling na liggaam en gees. Dan nog die ewige dood na die liggaamlike dood — die verskriklike bestaan van ewige verlorenheid weg van God, die Lig, die Lewe, die Heil.

## **Jesus Christus die enigste Redder**

Wie sal die mens help? Bo die stroom van haat, angs, verwoesting wat die dood saai, bo die snikkende, angsbevange mensdom, bo ruimte en tyd staan Jesus. Hy roep: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matt. 11:28). Hy bring die ware rus, die egte vrede en gemoedskalmte. Hy stuit die kwaad, laat die storms in mensegemoedere bedaar.

Hoe bewerkstellig Jesus dit? Hy is die groot Sondevernieler. As die sonde verslaan is,

verdwyn ook sy gevolge: dood, haat, vrees, onsekerheid.

### 'n Baie duur prys

Jesus neem die mensdom se sonde op Hom. Wat 'n liefde van Jesus om Hom so te gee, sonder om iets terug te verwag, te bly liefhê, ook toe Hy slae van die mens wat Hy wou red, ontvang het. Hy versoen so die verlore mens met God. Hy betaal met sy verskriklike dood: die teregstelling aan die kruis, 'n gevloekte dood, gereserveer vir die laagste misdadigers. So het die mens vrygekom; altans hulle wat die Here Jesus en sy weldade gelowig aanneem.

### Vry, vry, ewig vry

Jesus het 'n streep deur ons sonderekening getrek. Ons ontvang vergifnis van skuld, ewigdurende geluk, sonder dat ons dit verdien het of dit waardig was. Hy gee dit as geskenk... uit genade. Verskyn die verlore mens eenmaal voor God in die groot oordeel, word hy vrygespreek en wag daar vir hom ewige vreugde en feesgenot.

### Ook in hierdie lewe

Reeds tydens ons aardse bestaan smaak die ware Christen al die ewige geluk... ervaar hy iets van bevryding van sondebande, want in sy hart neem die Here Jesus plek in deur sy Heilige Gees. Daar bring Hy 'n wonderlike vernuwing mee. Die goeie Gees begin die hart reinig van die vuile, die bose, die haat, nyd, agterdog, hoogmoed, vrees en kommer. Hy vervang dit met liefde, blydschap, vrede, goedheid, lankmoedigheid! Hy wek die begeerte om vir die Here en vir die naaste te lewe. (1 Joh. 4).

Die bekeerde mens, gevul met die Heilige Gees, bid, ondersoek die Woord en word 'n ywerige lidmaat van die kerk. In Christus word elke mens 'n nuwe skepsel, is hy van 'n nuwe orde, leef hy in 'n nuwe wêreld en wandel hy op die goue berghoogtes waar God se genadeson skyn.

### Die enigste

Waar is daar nog 'n Verlosser soos Christus? Sal die mens wat homself probeer red soos die heiden dit wil doen of soos Mohammedaan en Boeddhis dit verkondig, tog nou leer om vir redding na Jesus Christus op te sien! As Jesus Christus reeds al in die tyd, maar bowenal in die ewigheid, verlossing en geluk bring, hoe kan u dit waag om buite Hom te lewe? "Kom na Hom toe, die lewende steen..." (1 Petrus 2 : 5). "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is." (Jes. 55 : 6).

Bid God, as u nog nie siende is nie, dat Hy u oë mag open!

### **HEER, EK IS 'N SKAAP VERLORE... !**

*Heer, ek is 'n skaap verlore,  
in die wildernis verdwaal.  
U, my Heer en Herder, bid ek  
dat U my tog wil kom haal.  
Soek my, bring my weer, u dienaar  
wat in al sy harteleed,  
en in al sy teënhede,  
u gebooi nie vergeet.*

— (Psalm 119:63).

**J. A. Schutte.**



# ***DIE TWEE GOUE SLEUTELS***

Nee, hierdie gaan nie 'n feëverhaal oor towersleutels wees waarmee 'n prins sy heldin uit 'n middeleeuse kasteel gaan verlos nie.

Wat u in hierdie reëls gaan lees, is die weerlegging van 'n redenasie waarin daar 'n yslike fout lê.

*Die redenasie: waarom moet ek juis aan die kerk behoort? Ek kan die Here mos net so goed by my huis dien, of hoe?*

Ek wil op hierdie redenasie waarmee baie moderne mense hulself mislei, in 'n paar eenvoudige woorde antwoord.

Jesus het eenmaal aan Petrus gesê: "Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." (Matt. 16 : 19). Later het die Heiland hierdie belofte aan sy hele apostelkring gemaak. (Matt. 18 : 18).

Wat het Jesus daarmee bedoel?

Hy stel die koninkryk van die hemele hier voor as 'n groot stad met 'n gedugte poort. Die doderyk voer oorlog teen die hemelryk. Daarom is die hemelpoort gesluit, sodat daar geen vyande mag inkom nie. Wie daar wil inkom, moet toestemming van die Koning ontvang, maar nou staan die Koning nie self by die poort om vir elkeen wat kom aanklop, oop te maak nie. Hy stel 'n poortwagter aan om by die poort wag te hou en in sy Naam dit oop en toe te sluit. Hy gee aan hom die sleutels van die stadspoort.

***Wie is hierdie sleuteldraer?***

In die eerste plek het Jesus die sleutels aan Petrus beloof. (Matt. 16 : 19). Tweedens het Hy dit aan sy hele apostelkring toegesê. (Matt. 18 : 18).

Na Jesus se dood het die apostels oral gemeentes gestig en ouderlinge aangestel. Die ouderlinge moes die werk wat Jesus aan die apostels opgedra het, verder voortsit. Met ander woorde die ouderlinge dra ook die sleutels van die hemelryk wat Christus aan die apostels toegesê het. Hulle staan as 't ware by die hemelpoort en sluit in die Naam van Koning Jesus Christus die poorte oop vir almal wat aanklop om op grond van Jesus se verdienste toegang tot die stad te verkry.

***Watter is die twee sleutels?***

Die verkondiging van die heilige evangelie en die uitoefening van die kerklike tug. Dit is die sleutels wat Jesus aan die kerk gegee het. Daarmee moet die kerk deur middel van sy ampsdraers, vir elkeen wat die hemel wil binnegaan, die poorte oop- of toesluit. Laat ons maar dadelik sê: albei hierdie sleutels is gemaak van die goud van die goddelike liefde.

Wanneer 'n mens kerk toe gaan, gebeur dus hierdie wonderwerk: die poort van die hemel word voor jou oopgesluit vir sover jy die verkondigde Woord gelowig aanvaar. As jy dit nie aanvaar nie, word dit voor jou oë toegesluit. Die kerk is die voorportaal van die hemel, die afdak waaronder 'n mens moet deurstap, om by die poort te kom!

Besef u nou hoe belangrik dit is dat almal wat in Jesus Christus glo, aan 'n kerk moet behoort en dit gereeld moet besoek? Wie in Christus glo, maar weier om aan die kerk te behoort, is soos 'n man wat graag binne die stad wil kom, maar weier om deur die poort in te gaan. Hy wil oor die muur klouter, maar in oorlogstyd weet ons, word sulke dinge nie geduld nie.

Dink dus mooi hieroor na voor u miskien self ook eendag vra: waarom moet ek aan 'n kerk behoort om in die hemel te kom?

**P.W.B.**

## IS U KWAAD?

Moenie sê u was nog nooit kwaad nie, want dan weet ek u jok, maar kwaad en kwaad is twee. As ek my vervies vir Buurman wat blare en ou gras in sy agterplaas verbrand en die rook reg oor my huis laat waai, is ek seker ook kwaad, maar Buurman en ek verstaan mekaar. Die kwaad waai netnou maar saam met die rook weg, maar dis iets anders as die kwaadword van die mannetjie wie gedurig sy humeur verloor en wat dag na dag die wêreld amuseer met sy woedebuie. Dit is ook iets anders as die kwaad van mense wat permanente versteurde verhoudinge behou: kwaad vir die familie, kwaad vir die gewese vriende, kwaad vir die regering, kwaad vir die predikant, kwaad vir die kerk, kwaad vir almal behalwe vir die een wat dit verdien, naamlik kwaad vir jouself.

Is u ook so 'n kwaad-mens? Hoor dan hier.

*Kwaad word is een van die veiligste maniere om jou dood te verhaas. G'n mens se hart kan dit hou onder al die woedebuie nie. Ek weet van 'n hele paar mense wat in 'n vlaag van toorn dood neergesak het.*

Het u al daaroor gedink hoe 'n maklike prooi van die duiwel 'n mens is wanneer jy kwaad is. Die oomblik wanneer jy die beheer oor jouself verloor, neem die Bose die leisels oor en dan ry hy jou behoorlik. Hy maak jou die vreeslikste dinge wys en laat jou die persoon vir wie jy kwaad is, in 'n swarter beeld sien.

Daar is die klassieke voorbeeld van Kain. Die Here het sy offer nie aangesien nie. Toe raak hy die duiwel in vir sy onskuldige broer Abel. *"Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang. En die Here sê vir Kain: Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang? Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie — die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daarvoor heers."* (Gen. 4:5, 7).

As daar ooit iemand op aarde was wat rede gehad het om kwaad te wees, is dit Jesus Christus. Hy is *onskuldig* aan 'n kruis opgehang. Dink 'n bietjie — wat is die allerergste wat mense u al aangedoen het, vergeleke hiermee. Wat was Jesus se reaksie? Hy het vir hulle gebid: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."* (Luk. 23:34).

Dieselfde Heiland het aan ons 'n hele reeks voorskrifte gegee:

- *"As iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe."* — (Matt. 5:39).
- *"Julle moet julle vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en vervolg."* — (Matt. 5 : 44).

*Dieselfde Heiland het ons leer bid: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe", en Hy het daarby gevoeg: "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe."* — (Matt. 6:12, 14).

Is daardie kort humeur u moeilikheid? Leer dan gerus hierdie versie uit die kop en sê dit vir uself elke keer as u humeur dreig om hand uit te ruk:

*"Wees nie haastig in jou gees om jou te vererg nie, want ergernis rus in die boesem van die dwase."* — (Pred. 7:9).

**P.W.B**

## **Luister en lewe!**

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie, want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.

Gal. 6 : 7.

## **MY GOD, WAT TOG MY LEWE IS...**

*My God, wat tog my lewe is,  
hoe smag my hart as 'k U moet mis!  
Ek soek U, Heer, terwyl ek kwyn  
in sielsverlatenheid en pyn.  
Ek smag soos alles hier om my  
waar 'k swerf in wilde woesteny,  
'n dor en uitgedroogde land  
waarop die son se vlamme brand.  
Ek het voorheen, in stille wag,  
U in u heiligdom betrag,  
waar U in glans, aanbidlik skoon  
en alvermoënd sit ten troon.  
Want bo ons lewe in kommernis,  
wat sonder U geen lewe is,  
skat ek u grote goedheid, Heer,  
waarvoor my mond u dankend eer.*

*(Psalm 63:1, 2)*